Verwysing: 14-2/1

2011-08-19

BEPERK • LIMITED SEDERT • SINCE 1909

Jóú greep op die mark. Your grip on the market.

Geagte Lid

WAARDE-ONTSLUITINGSTRANSAKSIE: THEMBEKA CAPITAL BEPERK

Inleiding

Die aandeelhouers in NWK Beherend Beperk (hierna "**NWK Beherend**" genoem) en NWK Beperk (hierna "**NWK**" genoem) het versoek dat oorweging daaraan geskenk moet word om waarde in NWK Beherend en NWK vir die aandeelhouers te ontsluit. Daar is gevolglik met potensiële ekwiteitsvennote onderhandel om 'n belang in NWK te bekom. Van die voorwaardes wat gestel is, is dat dit 'n kontanttransaksie moet wees, dat die aanbodprys tot 'n redelike mate die waarde van NWK moet reflekteer en dat die potensiële vennoot 'n swart bemagtigingsgroep moet wees.

Voortspruitend uit onderhandelinge met potensiële ekwiteitsvennote en die oorweging van die kriteria soos hierbo genoem, blyk dit dat Thembeka Capital Beperk (hierna "**Thembeka Capital**" genoem) as 'n swart-beheerde beleggingsmaatskappy oor die nodige vereiste swart ekonomiese bemagtigde ekwiteitstruktuur en voldoende kapitaal beskik om waarde tot NWK en sy aandeelhouers toe te voeg. Thembeka Capital, deur gebruik te maak van 'n befondsingstruktuur ("**die Thembeka Agri Fonds**") waarby Zeder Beleggings Beperk betrokke is, het na onderhandeling met NWK se Direksie besluit om 'n aanbod te maak aan NWK-aandeelhouers met die doel om 'n belang van 16% in NWK te bekom. Die Direksies van NWK Beherend en NWK het vervolgens besluit om as deel van die waarde-ontsluitingsprogram die Thembeka Agri Fonds se aanbod aan bestaande aandeelhouers in NWK te ondersteun.

Aanbod

Thembeka Capital is bereid om 'n aanbod van **R7.25 (*ex* dividend)** per aandeel, wat 'n **premie van ongeveer 51%** op die huidige markwaarde van die aandele in NWK reflekteer, aan bestaande NWK-aandeelhouers te maak ten einde tot 'n maksimum van 16%-aandeelhouding in NWK te bekom. As deel van die aanbod vereis Thembeka Capital dat NWK Beherend die aanbod steun en dat, indien 'n belang in NWK van minder as 11% realiseer, NWK Beherend tot 'n maksimum van 5% van sy aandeelhouding in NWK aanbied aan Thembeka Capital om seker te maak dat ten minste 'n 11%-aandeelhouding deur Thembeka Capital bekom word. Betaling van koopprys sal aan aandeelhouers op of ongeveer **4 Oktober 2011** geskied, onderhewig aan NWK se sekuriteitsvoorwaardes en die toepaslike bepalings van NWK se statute.

Aandeelhouers wat kwalifiseer om aandele in NWK Beherend te bekom kan ook van die geleentheid gebruik maak om aandele in NWK Beherend te koop uit die kontant wat verkry sal word na aanleiding van die verkoop van hulle NWK-aandele as deel van Thembeka Capital se aanbod.

Alhoewel NWK Beherend beheer oor NWK sal behou, behoort Thembeka Capital waarde tot NWK en sy aandeelhouers toe te voeg en ondersteun NWK se Direksie en Bestuur die transaksie en word aandeelhouers uitgenooi om aan die aanbod deel te neem.

Inligtingsvergaderings sal in feitlik elke wyk gehou word ten einde die transaksie en die uitwerking daarvan aan aandeelhouers te verduidelik en onduidelikhede wat sou bestaan te beantwoord. Die vergaderings sal soos volg gehou word:

WYK	PLEK	DATUM	TYD	LOKAAL
9	Ottosdal	2011/08/25	09:00	Skousaal, Ottosdal
3	Afrisam	2011/08/25	12:30	Ontspanningsklub
1	Lichtenburg	2011/08/25	15:30	NWK Opleidingsentrum (Lokaal C)
10	Koster	2011/08/26	09:00	Ontspanningsklub
2	Coligny	2011/08/26	12:00	Sportklub
8	Sannieshof	2011/08/29	09:00	Sannieshof Hoërskool
6 en 7	Delareyville	2011/08/29	12:00	Delareyville Laerskoolsaal
5	Mareetsane	2011/08/29	15:00	Boeresaal
4	Groot-Marico	2011/08/31	09:00	NH Kerksaal, Groot-Marico
4	Klippan	2011/08/31	12:00	Klippan Boere-uniesaal

Wat moet u doen?

Indien u die aanbod wil aanvaar, moet u asseblief die **aanvaardingsvorm** getiteld "Aanvaarding van vrywillige aanbod" (ingesluit by die aangehegte formele aanbodbrief) voltooi en per hand indien by of koerier na **NWK, Scholtzstraat 81, Lichtenburg, 2740** of pos aan **NWK, Posbus 107, Lichtenburg, 2740**, gemerk vir die aandag van mnr **J G Steyn**, die NWK-groepsekretaris. Volledige aanwysings vir die voltooiing van die aanvaardingsvorm verskyn op die vorm om u by te staan. Ten einde die aanbod te aanvaar, moet u getekende aanvaardingsvorm deur NWK ontvang word teen nie later nie as 17:00 op **Vrydag, 23 September 2011**.

U kan hierdie aanbod aanvaar ten opsigte van **al** u NWK-aandele **of** ten opsigte van slegs 'n **gedeelte** van u NWK-aandele.

Indien u nie die aanbod wil aanvaar nie, hoef u geen verdere stappe te doen nie.

Navrae?

Indien u enige vrae het is u welkom om mnr J G Steyn te kontak by (018) 633 1160 (NWK-groepsekretaris) of mnr J F van Wyk by (018) 633 1159 (Bestuurder: Regsaangeleenthede) of andersins om mnr John-Paul Dicks van PSG Capital (Thembeka Capital se korporatiewe adviseurs) te skakel by (021) 887 9602.

Die uwe

H Krüger

VOORSITTER